

Subject: Re: Oordragte vanaf veilings
From: Wendy Wasserman <wendyw@studbook.co.za>
Date: 2020/11/18, 09:15 AM
To: Marizanne von Wielligh <zaboboerdery@gmail.com>

Hallo Marizanne,

Rakende jou navraag hieronder.

Die lam van WS 171598 sal jy by Willem die geboorte van moet kry, want ek moet die lam in sy besit opneem en dan eers oordra na jou besit toe.

Henk se ooi en ramlam sal jy asseblief jou eie nommers moet skep, want hy teken nie geboortes aan nie. So jy moet asseblief gaan kyk na hoeveel tand die ooi en ramlam is en dan jou eie nommer skep dan word hulle geregistreer as Eerste Aanvaardings op julle naam met julle KKM.

Die ram van Willem vd Berg sal jy ook asseblief daai lam se geboorte besonderhede vir my moet, want ek moet die lam in sy naam opneem en dan eers oordra na julle besit.

Hoop alles is in orde en asseblief skakel gerus as iets onduidelik is.

Baie dankie,

Groete

Wendy Wasserman

Data Capturing Clerk

SA Stud Book

Address:

Tel:+27 51 4100 900

P.O. Box 270

Fax:+27 51 447 3964

Bloemfontein

E-mail:wendyw@studbook.co.za

9300

Please read the [disclaimer](#)

On 2020/11/12 07:51 AM, Marizanne von Wielligh wrote:

Goeie more Wendy

Ek hoop dit gaan goed.

Ons het die volgende gekoop op veilings laaste 2 maande wat ons graag wil oordra na ons.

WS 17 1598 vanaf Oom Willem Steenkamp met oilam gebore +- Junie 2020 (sy is nie aangeteken nie, maar inspeksie geslaag vir aantekening tydens veiling) keurders was Boemie Saaiman, Nico Grobler

'n Volbek ooi met ramlam (+- Augustus 2020 gebore) van Henk Kearney/Osvley gekoop op Loeriesfontein - lot 58 en nie seker of sy n ID het by stamboek nie. Ons het aanlyn gekoop. Weet nie wie was die keurders op daardie veiling nie.

Ram van Willem vd Berg 2tand (gebore +- Julie 2019) het ook nie n geldige ID nommer nie, seun van Woema LM 15 1414. Keurders was die Morrisons.

Laastens, ek wil graag een van ons ooie VW 17-101 oordra na Moedwil Meatmasters 0695085MMS

Baie dankie.

Groete

Marizanne von Wielligh